**1 September** **Skrifgedeelte: Matteus 14:22-32**
**Fokusgedeelte: Matteus 14:7**

## Volle vertroue in Jesus bring redding uit die storms in jou lewe

Die stormagtige golwe van jou somtyds onstuimige en besige lewe is nooit toevallig nie. Trouens, God stuur die storms om jou geloof te toets. In dié gedeelte lees ons hoe Jesus doelbewus sy dissipels teen skemeraand in die skuit laat klim, terwyl Hy weet daar is ’n storm op pad. Hulle was boonop moeg nadat hulle 10 000 mense kos gegee het. Hy laat hulle die hele nag deur veg teen die storm, want Hy het eers teen dagbreek die volgende more op die water na hulle toe geloop om hulle te red. Hulle moes leer om Hom ten volle te vertrou en in sy wonderkrag te glo.

Is ons nie ook soms soos Petrus, wat met vertroue begin, maar sink wanneer jy jou groot probleme raaksien nie? Kom ons leer hieruit dat Jesus jou soms in die lewensgolwe instuur, sodat jy vas kan glo en vertrou dat Hy jou met sy wonderkrag daaruit sal red. Hy het dit reeds gedoen toe Hy vir jou gesterf het, sodat jy nuut en ewig kan lewe.

*Sing: Psalm 33:1, 10, 11* *Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*